

## **SARS en DTIC begin verspreiding van klere en skoene na KZN-vloedslagoffers in skuilings**

**Tshwane, 2 November 2022** - Die inisiatief waarmee die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die Departement van Handel, Nywerheid en Kompetisie (DTIC) saamgespan het met sakelui en die arbeidsmag om tonne gekonfiskeerde klerasie, komberese en skoeisel te skenk aan vloedslagoffers in KwaZulu-Natal (KZN), het sy tweede fase bereik. Dit behels die skenking van klere en skoene aan sodanige vloedslagoffers.

Die inisiatief, gedoop Projek Sizani (ons almal help), het wending geneem nadat 'n noodtoestand verklaar is deur president Cyril Ramaphosa in reaksie op die vloede in KZN in April vanjaar, wat verwoesting in die provinsie gesaai het en meer as 400 mense dood gelaat het en meer as 8 500 huise verwoes het. Sommige dele van die Oos-Kaap, Noord-Wes en Vrystaat het ook verwoesting ervaar as gevolg van die April-vloede.

"Hoewel die projek daarop gemik is om die materiële impak van die geaffekteerde mense te verlig, is dit ook voorgenome om die menswaardigheid te herstel van diegene wat feitlik kaal gelaat is deur die ramp. Menslikheid, meer as enige iets anders, is wat ons dryf tot hierdie gebaar," het mnr. Patrick Moeng, uitvoerende beampte van die gefokusde ondersoekende ouditeenheid van die sindikaatbelasting en doeanemisdaadafdeling by SARS, en leier van Projek Sizani, gesê.

Die inisiatief behels die verspreiding van sommige van die miljoene tonne goedere, uit die klerasie-, tekstiel-, skoeisel- en leerindustrië (CTFL), wat deur SARS sedert 2018 gekonfiskeer is, wat andersins vernietig sou word ingevolge die Wet op Doeane, wet 91 van 1964, wat deur SARS geadministreer word, asook 'n 2009 en 2020 NEDLAC-ooreenkoms wat stipuleer dat gekonfiskeerde goedere vernietig moet word om ontwigting aan die Suid-Afrikaanse mark te verhoed.

Tydens die eerste fase, wat in Junie vanjaar aanvang geneem het, is komberse in KZN geskenk vanweë die dringende nood na die April-vloede waar honderde oorlewendes steeds in gemeenskapsale (skuilings) gebly het.

Die tweede fase behels die skenking van klere en skoene aan vloedslagoffers wat in die verskeie distrik-munisipaliteite van KZN, Oos-Kaap en Noord-Wes geïdentifiseer is. Die proses is heelwat meer ingewikkeld as gevolg van die omsigtigheid wat uitgevoer moet word vir elke item wat geskenk word.

### **Spanpoging**

'n Wetstoepassende taakmag, wat uit lede van SARS, die DTIC, georganiseerde arbeid en die CTFL-industrie bestaan, is verantwoordelik vir die uitvoer van die projek, hoewel ander rolspelers, wat 'n instrumentele rol speel in die uitvoer van die projek, die Nasionale Rampbestuurkomitee (NDMC), die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DSD) en die verskeie premierskantore van die geraakte provinsies insluit. Daarby is die betrokkenheid van sakelui en die arbeidsmag, as sleutel-belanghebbendes, noodsaaklik met elke stap van die

projek, om die prosesse te monitor en seker te maak dat enige risiko's, wat plaaslike besighede mag skade berokken, aangespreek word.

Tot op datum, is meer as 28 000 komberse afgelewer by spesifieke individue by nagenoeg 174 plekke in KZN.

Die KZN-fase 1 (kombersverspreiding) toetslopie het die weg gebaan vir die uitrol van die tweede fase van die projek wat 'n selfs ingewikkelder en meer streng beheerde proses behels, omdat die skoene en klere items in individuele pakkies verpak word vir spesifieke individue in spesifieke skuilings voordat dit oorhandig word vir verspreiding.

Hierdie tweede fase van die projek is tans onderweg in KZN nadat 'n toetslopie by die twee kleiner skuilings in Inanda en een in La Mercy 'n geleentheid geskep het om die proses verder te verfyn en te ontwikkel.

Volgens mnr. Moeng, is 25 698 items van klere sover geskenk aan die eerste 31 van 74 plekke in KZN. Die verpakking, sortering en verspreiding aan skuilings neem steeds plaas soos wat meer versendings van gekonfiskeerde klerasie uit Gauteng aankom, met komplimente van menige skeepsrederye wat 'n helpende hand uitreik met die vervoer van die laaikiste met gekonfiskeerde items na verskillende dele van die land waar die nood geïdentifiseer is.

Die projek sal na verwagting teen einde November 2022 afsluit met Noord-Wes en Oos-Kaap wat in KZN se voetstappe volg.

Vir navrae, kontak gerus [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).